# GELDELIKE SKENKINGS VIR ONS KERSPROJEK VAN 2025 HET R24 250 BELOOP







- Kontantaankope ten bedrae van R19 896.40 is gedoen.
- R3 000 is oorbetaal aan ACVV vir die aankoop van skoolbenodigdhede vir behoeftige kinders in die Stellenbosch gemeenskap.
- R5 000 is oorbetaal aan Jeuguitreik vir die aankoop van skoolbenodigdhede vir die 20 kinders wat in die tehuis woon.
- Een donasie vir 'n spesifieke organisasie is deur 'n lidmaat gemaak: R300 is aan Huis Horison oorbetaal – as bydrae vir vermaak of 'n uitstappie vir die inwoners wat agterbly in die tehuis oor die Kersvakansie.

Barmhartigheidsaksie
NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Tel: 021 886 5975 E-pos: ontvangs@stelwel.co.za

"Daar is reuse uitdagings in ons land, maar terselfdertyd ook soveel eilande van hoop. Niemand van ons is die son nie, maar ons kan 'n stukkie van die Son laat weerkaats in 'n land wat smag na lig."
Braam Hanekom

geroep
gewillig
gestuur





# KERSPROJEK 2025 TERUGVOER

## NGK Stellenbosch-Welgelegen

Baie dankie aan elke lidmaat wat bygedra het tot ons 2025-Kersprojek. Finansiële donasies en skenkings van produkte het dit vir ons moontlik gemaak om 'n betekenisvolle bydrae te lewer aan die Stellenbosch-gemeenskap waar die nood so groot is.

Die Kersdagkollekte het R6 985 beloop en is gelyk verdeel tussen die Kerkbode se Kersfonds (vir weeshuise) en die Studietrust (wat beurse toeken aan belowende behoeftige studente).









## Baie dankie vir elke bydrae.

Elke pakkie of geskenk wat uitgedeel is, is voorsien van 'n spesiale Kersfeesboodskap van hoop en liefde.




Blaai om vir volledige terugvoer.

# Uit die Kersprojek van 2025 het ons die volgende skenkings gemaak:

Altesaam 95 gesinskospakkies is as volg versprei:
* 30 kospakkies na die Stellenbosch ACVV,
* 41 kospakkies na Stellenbosch Voedingsaksie,
* 12 kospakkies na Stellemploy,
* 5 kospakkies na inwoners in Molenhof Tehuis vir Bejaardes,
* 4 kospakkies na Laerskool Eikestad se Eikiehartprojek
* en 3 kospakkies na die werkers by die kerk.

Die organisasies deel hierdie kospakkies uit aan die mees kwesbare mense in die omgewing van Stellenbosch.

150 lekkergoedpakkies is verpak en geskenk aan die ACVV om aan behoeftige kinders uit te deel tydens hul Kerspartytjies.

Nie-bederfbare voedsel, skoonmaakmiddels, toiletware, aanmaakkoeldrank en ander lekkernye is verdeel en geskenk aan ABBA, die ACVV, behoeftige studente aan die US, Huis Horison, Jeuguitreik, Nagskuiling, die 4 gesinne wat ondersteun word deur die Eikiehartprojek en Safehouse.

10 kg koekmeel en 5 kg versiersuiker, vir die bak van muffins en kolwyntjies, 16 kg koekies en 20 bottels aanmaakkoeldrank is aan die Voedingsaksie geskenk - vir die kinders by die meer as 60 voedingspunte.

10 spesiale geskenksakkies, met toiletware en lekkergoed, is geskenk aan behoeftige inwoners in Molenhof, 12 waslappie-en-sepie geskenkies is gegee aan die vroue in Safehouse en 12 toiletware geskenksakkies (seep, tandeborsel en tandepasta) is geskenk aan die sjefstudente by Stellemploy.

Die 69 personeellede van Geluksoord ontvang elkeen ’n geskenkblikkie met tuisgebakte koekies, so ook die 8 personeellede by die Nagskuiling en die 2 manne van Huis Horison wat elke Maandag die herwinningsmateriaal kom haal. Vir die 38 personeellede by die Hospice se Skoenlappersaal is ’n sjokolade met ’n spesiale boodskap gegee.


Nagskuiling se Kersete

Die 40 inwoners van die Nagskuiling is op 1 Desember bederf met ’n heerlike Kersete: oondgebraaide hoender, aartappelslaai, noedelslaai, ’n glasflessie met “trifle” en ’n botteltjie koeldrank.




Nagskuiling

50 handeroom-geskenkies is gegee vir die mammas en personeel wat op Kersdag in die neonatale eenheid by Paarl Hospitaal is.


Safehouse

12 handdoekies en 27 handgebreide teddiebere vir kinderpasiënte, wat ietsie nodig het om vas te hou, is geskenk aan die Hospice se Skoenlappersaal en aan die kinders in die kindersaal by Stellenbosch Hospitaal.


Jeuguitreik


Hoenderboudjies en -dytjies is geskenk vir Jeuguitreik en Safehouse vir hul Kersetes.

Die leraars het 30 bejaardes, eensames en lidmate wat deur ’n moeilike tyd gaan, besoek, met ’n spesiale boodskap en sjokolade van die gemeente.


ACVV

Kinderleesboeke, akademiese boeke, legkaarte, opvoedkundige speelgoed en skryfbehoeftes is uitgedeel aan die kinders by Safehouse, die kinders by Jeuguitreik, kinders wat deel is van die Eikiehartprojek en behoeftige studente aan die US.

# Bekertjie & Sakkiesondag




Eikiehartprojek

63 pragtige geskenkbekertjies en gevulde potloodsakkies word geskenk aan die 20 kinders van Jeuguitreik, die 8 leerders wat deur die Eikiehartprojek ondersteun word, aan 25 behoeftige leerders wat die nasorg by Jeuguitreik bywoon en 10 potloodsakkies is ook geskenk vir behoeftige studente aan die US.


VOEDINGSAKSIE DEEL KOSPAKKIES UIT